

Die almag van God, sien jy dit raak?

Die Here vra vir Job uit 'n stormwind die een vraag na die ander. Ek haal enkeles aan:

- Wie het die aarde afgemeet? Weet jy dit? Wie het 'n maatlyn oor hom gespan? (38:5)
- Wie het die see opgedam toe hy begin uitborrel het? (38:8)
- Wie het die doudrappel in die wêreld gebring? (38:28)
- Ken jy die tyd wanneer die klipspringers lam? (39:4) Twee dinge val op:
 - Die antwoorde op al hierdie vrae dui op God. Net Hy kan dit doen. Dit moet Job besef. Hyself kan nie die aarde afmeet of die see opdam nie. Job moet leer om weer die almag van God raak te sien en diep voor hom neer te buig. Nee, die Here troos Job nie deur hom so te antwoord nie. Hy onderrig hom, Hy leer hom om weg te kyk van homself en om God se almag raak te sien.
 - In al die vrae wat die Here aan Job stel, gebruik Hy doodeenvoudig voorbeelde uit die natuur om sy grootheid aan Job te toon. Hy toon sy almag in die oseane, in die daeraad, in die sneeu, in die doudrappel, in die wildsbokkies wat lam. So aangrypend leer die Here vir Job om op te kyk en God raak te sien.

Job, kyk weg van jouself af! Moenie jouself bejammer nie. Sien God in alles raak! In Hom alleen sal troos vir beproewingsvolle omstandighede gevind word. Om met boerdery besig te wees, is om in die natuur, God se tuin, besig te wees, tussen al God se wonders. Elke dag het hy daarmee te doen en so lewe jy naby God almagtig. Moet tog nooit gewoond raak daaraan nie; dit moet elke dag nuut bly. Dit bring jou by God. Sien God se almag raak, ook vandag in die werk. Verwonder jou daaraan.

Ds. P.J. van der Walt (Bethlehem)